# SIELKUNDE VIR DIE HISTORIKUS: PRAKTIESE MOONTLIKHEID OF IDEALISTIESE WENSDENKERY?

**Albert Grundlingh**
*Universiteit van Suid-Afrika*

Die algemene en bekende gemene deler tussen geskiedenis en sielkunde is die feit dat beide dissiplines menslike gedrag bestudeer. Hierdie breë en voor-die-handliggende veralgemening is egter van weinig nut wanneer daar op die dinamika en praktiese beoefening van die twee dissiplines gelet word.

Waar die historikus se vraagstelling verledegerig is, spits die sielkundige hom op die huidige toe; waar die historikus weens die kompleksiteit van die verlede en die aard van beskikbare dokumentêre bronnemateriaal huiwerig is om binne die raamwerk van 'n bepaalde model te werk, gebruik die sielkundige dikwels eksperimentele modelle in 'n poging om die algemene geldigheid van sy bevindinge te demonstreer; waar die historikus nie oor 'n spesifieke vaktaal beskik nie, maak die sielkundige ruimskoots van 'n eiesoortige terminologie gebruik; waar die geskiedenis nie soseer daarop ingestel is om gedrag in die praktyk te verander nie, maak sekere vertakkinge van sielkunde (byvoorbeeld kliniese sielkunde) wel daarop aanspraak; en waar die sielkunde geneig is om 'n statiese deursnit van menslike gedrag te verskaf, is daar by die geskiedenis veel meer sprake van 'n ontwikkelingsgang. Hierdie is slegs enkele van die verskilpunte tussen die twee dissiplines, maar selfs dit lewer al genoegsame bewys dat 'n pynlose simbiose buite die kwessie is.

Kan daar onder hierdie omstandighede dan nog enige sprake wees dat die geskiedenis moontlik by die sielkunde kan baat vind? Die vraagstuk word bespreek deur die volgende drie fasette in oënskou te neem: eerstens die opkoms en aard van psigogeskiedenis in die buiteland; tweedens 'n ontleding van enkele psigohistoriese werke wat die Suid-Afrikaanse verlede as onderwerp het; en derdens word sekere praktiese metodologiese uitgangspunte en probleme oorweeg. Hierdie benadering is uiteraard arbitrêr en binne dié raamwerk maak die bespreking ook nie aanspraak op volledigheid nie. Sekere aspekte, soos byvoorbeeld die bestudering van mentaliteitsgeskiedenis in Frankryk, is buite rekening gelaat. Ofskoon mentaliteitsgeskiedenis 'n sielkundige dimensie bevat, word daar ook swaar op sosiologiese konseptualisering gesteun. Gevolglik was dit nie moontlik om binne die beperkte bestek en omvang van hierdie bydrae ook die verwikkeling te betrek nie.

Die Duitse historikus en geskiedsfilosoof, Wilhelm Dilthey (1833—1911), het reeds in die 19de eeu 'n hoër mate van sielkundige betrokkenheid in die geskiedskrywing bepleit,[1] maar dit was eers in die periode na die Tweede Wêreldoorlog dat daar daadwerklik in die rigting beweeg is. Die brutaliteite van die Nazi-Ryk onder Adolf Hitler het na-oorlogse Westerse historici genoop om opnuut te besin oor die toereikendheid van bestaande verklaringsmetodes; konvensionele historiese metodo-

1 F Stern (red.), *The Varieties of History: From Voltaire to the Present* (Londen, 1970-uitgawe), p.21.

logie, is daar geredeneer, het eenvoudig nie voldoende antwoorde gebied op die skokkende gebeure van die Nazi-tydperk nie. In 'n poging om tot beter begrip van dié traumatiese periode te kom, is daar onder andere in 'n toenemende mate van sielkunde gebruik gemaak.[2]

Die meeste historiese werke met 'n sielkundige inslag handel oor Nazi-Duitsland en hoofsaaklik oor Hitler. Weens Hitler se buitengewone onmenslike optrede, kwalifiseer hy as die klassieke "historiese pasiënt" vir sielkundige behandeling. Sigmund Freud (1856–1939), die vader van psigoanalise, se teorieë oor die rol van die onbewuste in die menslike psige is in sommige van die werke ingespan ten einde Hitler se gedragswyse te verklaar. Die benadering het meegebring dat Hitler se kinderjare intensief bestudeer is in die veronderstelling dat dit 'n sleutel tot sy onbewuste is. Hierdie navorsing bring onder meer Hitler se diktatoriale optrede, sy fantasieë en anti-Semitisme in verband met sy aanvanklike verhouding tot sy moeder, sy vroeë seksuele persepsies en sy onderdrukte angsgevoelens as kind; sy latere belewenis van dié fasette word dan dienooreenkomstig beklemtoon en dit word as 'n verklarende uitleg beskou. Ander Nazi-leiers soos Heinrich Himmler en Joseph Goebbels is op dergelike wyse bestudeer, terwyl díe ongenaakbare optrede van die SS-wagte in die berugte Duitse konsentrasiekampe asook die gedragspatrone van die weerlose Jode in dié kampe eweneens die objek van resente psigogeskiedenis is. Ofskoon van dié werke met nuwe insigte na vore gekom het, is die algemene beswaar teen sommige ontledings dat dit nie op grondige bronnestudie berus nie en geneig is om een bepaalde faktor te verabsoluteer waardeur 'n oorvereenvoudigde historiese beeld geskep word.[3]

Alhoewel die oorgewig psigohistoriese werke oor die Nazi's handel, is ander historiese figure ook onder die psigoanalitiese ontleedmes gebring. Erik Erikson, 'n Amerikaanse psigoanalis, het in dié opsig baanbrekerswerk gedoen met sy studies oor Luther en Gandhi. Erikson het Freudiaanse psigoanalitiese teorie aangepas om tot 'n beter begrip van die historiese persoonlikheid te kom. Op 'n kundige wyse het hy in die betrokke werke aangetoon hoe die interaksie van persoonlike drange oor 'n bepaalde tydperk in samehang met reële eksterne omstandighede funksioneer ten einde spesifieke persoonlikheidseienskappe te vorm. Ten spyte van elemente van kritiek, word Erikson se bydraes allerweë beskou as die mees geslaagde voorbeeld van die integrasie van psigoanalise en geskiedenis.[4]

Dit is veral in Amerika, waar psigoanalitiese teorieë besondere aanhang onder sekere sielkundiges geniet, dat psigogeskiedenis in die afgelope dekade duidelike beslag gekry het. In 1973 het 'n onafhanklike wetenskaplike tydskrif vir psigogeskiedenis

---

P Loewenberg, "Psychohistorical perspectives on modern German history" in *Journal of Modern History*, 47, Junie 1975, p.229.

Vir 'n kritiese bespreking van die psigohistoriese literatuur oor Nazi-Duitsland kyk Loewenberg, "Psychohistorical perspectives on modern German history", pp.229–279; S Friedlander, *History and Psychoanalysis: an inquiry into the possibilities and limits of psychohistory* (New York, 1978), pp.45–50; HW Gatzke, "Hitler and Psychohistory: a review article" in *American Historical Review*, 78, 2, April 1973, pp.394–401. Voorbeelde van psigohistoriese werke oor Nazi-Duitsland is onder meer GM Gilbert, *The Psychology of Dictatorship* (New York, 1950); WC Langer, *The Mind of Adolf Hitler: The secret wartime report* (New York, 1972) en HV Dicks, *Licensed Mass Murder: a socio-psychological study of some SS killers* (New York, 1972).

Erik Erikson se werk word krities bespreek deur F Weinstein, "On the Social function of intellectuals: a consideration of Erik Erikson's contribution to psychoanalysis and psychohistory" in M Albin (red.), *New directions in psychohistory* (Toronto, 1980), pp.3–19. Sy werke oor Luther en Gandhi is *Young Man Luther: a study in psychoanalysis and history* (New York, 1962), en *Gandhi's truth: on the origins of militant non-violence* (New York, 1969).

die lig gesien (*The History of Childhood Quarterly: The Journal of Psychohistory*), en teen 1976 is kursusse in hierdie vertakking aan ongeveer 30 universiteite aangebied. Die oorgrote meerderheid dosente wat die rigting doseer, is primêr in psigoanalise geskool.[5]

Psigogeskiedenis in Amerika bestryk 'n wye veld en dit is slegs moontlik om 'n algemene aanduiding te gee van die temas wat behandel word. Die psigohistoriese biografie, soos byvoorbeeld die reeds vermelde studies oor Hitler, is 'n gewilde onderwerp; onder andere omdat die individuele aard daarvan dikwels metodologies geskik wil voorkom. In breër verband word daar egter ook gelet op familiegeskiedenisse, die verskynsel van menslike aggressie en die implikasies daarvan as 'n oorsaak vir oorloë asook sielkundige komponente in die ontwikkeling van rassisme.[6]

Hierbenewens word besondere klem gelê op die bestudering van die jeug en kinderjare ("childhood") in die geskiedenis. Die fokuspunt hier is die omstandighede waarin kinders hulle in die verlede bevind het en die sosialiseringservaringe van 'n bepaalde generasie word in dié verband ontleed. Die bedoeling is nie slegs om lig te werp op kindergeskiedenis as sodanig nie, maar daar word ook van die veronderstelling uitgegaan dat die vroeë ervaringe van een generasie 'n bepalende uitwerking op die daaropvolgende volwasse gedragspatrone sal hê. Ten einde die historiese betekenis van een generasie volwassenes se optrede te begryp, is dit dus nodig om die omstandighede waarin hulle groot geword het, te verstaan.

Alhoewel dié benaderingswyse seker nie van alle meriete ontdaan is nie, word variante daarvan beslis deur sommige beoefenaars te ver gedryf. Een so 'n voorbeeld is dié van Lloyd de Mause, redakteur van *The History of Childhood Quarterly: The Journal of Psychohistory* en 'n produktiewe navorser in die psigohistoriese veld. In sy soeke na 'n verklaring van oorlog as 'n psigoanalitiese verskynsel het De Mause sover teruggegaan as die voorgeboortelike fase in die kind se ontwikkeling. De Mause se persoonlike emosies by die aanhoor van militêre orkeste en die feit dat sy hartklop by sulke geleenthede ooreenstem met dié van 'n vrou wat in kraam is, het die teoretiese basis gevorm (gerugsteun deur "empiriese" gegewens oor beeldspraak tydens oorloë met babas as die sentrale tema) vir sy bevinding dat oorlog niks minder as 'n herhaling van die geboorteproses op 'n nasionale skaal is nie.[7] Soos te verstane, het die absurditeit van sodanige interpretasies skerp kritiek uitgelok. Een kritikus, DE Stannard, het die mening uitgespreek dat "De Mause works well beyond the fringe of even the most generous definition of the world of scholarship ..."[8]

Dit sou natuurlik foutief wees om op grond van hierdie voorbeeld tot die gevolgtrekking te kom dat psigogeskiedenis weinig meer as onsinnige verbeeldingsvlugte is. Soos in enige ander dissipline, word daar ook in psigogeskiedenis uitstaande sowel as powere werke aangetref. "The quality of ... work ranges from the elegant and sensitive writings of Erik Erikson, to the tawdry and crackpot disquisitions of too many to name...", aldus Stannard.[9]

Historici het nietemin heelwat bedenkinge oor die deursnee gehalte van die

GM Kren en LH Rappoport (reds.), *Varieties of psychohistory* (New York, 1976), p.2.

Vergelyk L de Mause (red.), *A bibliography of psychohistory* (New York, 1975). Die bibliografie bevat meer as 1 200 items.

L de Mause, "The independence of psychohistory" in L de Mause (red.), *The new psychohistory* (New York, 1975), pp.14–24.

DE Stannard, *Shrinking History: on Freud and the failure of psychohistory* (New York, 1980), p.xii.

DE Stannard, *Shrinking History*, p.xi.

werke uit die psigohistoriese skool. Die algemene beswaar is dat dié vertakking hoofsaaklik deur psigoanaliste en nie deur geskoolde historici beoefen word nie. Dit is nie bloot 'n geval dat historici voel dat daar op hul terrein oortree word nie; die kritiek is daarin geleë dat die psigoanaliste, met enkele uitsonderings, geneig is om menslike motivering in die verlede só intiem met bepaalde sielkundige teorieë te verweef dat dit die geskiedenis uitermate verwring.

Meer spesifiek kan die kritiek teen psigogeskiedenis in vier breë kategorieë verdeel word. Eerstens staan psigohistorici nie skepties genoeg teenoor die bronnemateriaal nie en word afleidings op grond van wankelende feitlike bewyse gemaak. Tweedens openbaar hulle soms 'n oorvereenvoudigde opvatting van historiese veroorsaking; bloot omdat gebeurtenis B op gebeurtenis A gevolg het, word daar van die standpunt uitgegaan dat daar noodwendig 'n oorsaaklike verband moes gewees het en indien die nodige gegewens ontbreek, word die "verband" dikwels op suiwer psigoanalitiese gronde "bewys". Derdens word te maklik aanvaar dat psigoanalitiese teorie 'n wetenskaplike gegewe is en derhalwe 'n onfeilbare sleutel tot die ontsluiting van menslike gedrag is; aan moontlike leemtes in die teorie word nie voldoende aandag geskenk nie. Vierdens slaan psigohistorici by tye nie genoegsaam ag op die bepaalde kulturele konteks waarbinne historiese gebeure afspeel nie. Gedrag wat in 'n sekere gemeenskap in die verlede as relatief normaal beskou is, word in terme van presentistiese sielkundige evaluering tot 'n afwyking van die eerste orde verhef. Dit is belangrik om te beklemtoon dat hierdie kritiek hoofsaaklik van toepassing is op diegene wat primêr van die uitgangspunt beweeg dat menslike gedrag in die verlede slegs verklaar kan word binne die raamwerk van psigoanalise as sodanig; dit het nie soseer betrekking op die historikus wat hom op 'n gekwalifiseerde wyse van sekere toepaslike sielkundige konsepte bedien ten einde tot groter insig oor 'n bepaalde historiese verskynsel of figuur te kom nie.[10]

Weinig historici, in teenstelling met psigoanaliste, het nog gepoog om 'n intieme wisselwerking tussen die verlede en psigoanalise te bewerkstellig. Dit wil ook voorkom asof die algemene Amerikaanse historiografie, ten spyte van die toenemende aantal psigohistoriese werke, nie juis deur die verwikkeling beïnvloed is nie. In 'n resente oorsig oor die Amerikaanse geskiedskrywing is dit opvallend dat L Veysey politieke en sosiale geskiedenis as die belangrikste studievelde uitsonder. Psigogeskiedenis word bloot soos volg in 'n voetnoot deur Veysey afgemaak: "Psychohistory strikes me more as a curiously intense spin-off from the climate of the 1950's, when Freud was so much in vogue, than as a major new direction in historical writing".[11]

Dit is duidelik dat die ontwikkeling van psigogeskiedenis nie louter wins vir die Amerikaanse historiografie beteken het nie. Ten beste het dit Amerikaanse geskiedskrywers bewus gemaak van die sielkundige komponent van historiese handeling en dat historiese verklaring nie altyd bloot op intuïtiewe aanvoeling kan geskied nie. Terselfdertyd het die wyse waarop psigoanaliste geskiedenis bedryf, historici egter opnuut onder die indruk gebring van die slaggate wat daar bestaan sodra die historiese dimensie te ver uit die oog verloor word. Wat die toekoms vir psigogeskiedenis in Amerika inhou, is moeilik om te bepaal. In 'n onlangse beskouing spreek RL Schoenwald nietemin die volgende mening uit: "Psychohistory looks almost too difficult. The

10. Vergelyk Stannard, *Shrinking History*, pp.21–30; FE Manuel, "The use and abuse of psychology in history" in Kren en Rappoport (reds.), *Varieties of psychohistory*, pp.38–62.
11. L Veysey, "The United States" in GG Iggers en HT Parker (reds.), *International Handbook of Historical Studies, Contemporary Research and Theory* (New York, 1979), p.170 n 15.

past unfolded in its own good time and perversely destroyed most of the evidence for its own reality. Every historian nevertheless manages to dare to reconstruct, to recreate and assert, 'I have made a past'. The psychohistorian intent on adding 'and I show you its mind' seems to top all conceivable folly. Yet if he perseveres he may one day feel, 'I am coming to see man as he was, in the life that his mind made for him'."[12]

## 2

Vervolgens word gelet op enkele werke waarin gepoog word om die Suid-Afrikaanse verlede vanuit 'n sielkundige perspektief te verklaar. Dit is nie verbasend dat daar in hierdie opsig hoofsaaklik op rasseverhoudinge gefokus word nie; dié kwessie oorheers immers die Suid-Afrikaanse toneel.

'n Baanbrekerswerk oor hierdie aangeleentheid het in 1937 uit die pen van 'n sielkundige, ID MacCrone, verskyn.[13] MacCrone se basiese uitgangspunt kom daarop neer dat die ontvlambare Kaapse oosgrens in die laat 18de eeu 'n smeltkroes gevorm het waarin 'n nuwe blanke gemeenskap met bepaalde rassevooroordele teen ongeveer 1800 gesmee is. Hierdie vooroordele het die Voortrekkers dan met hulle die binneland ingedra en onveranderd het dit in die 20ste eeu die sentrale sosiale en politieke ordeningsbeginsel van blanke oorheersing in Suid-Afrika gevorm. Hoewel historici, soos onder andere Eric Walker, in 'n mate deur MacCrone se beskouing beïnvloed is,[14] geniet hierdie vertolking gedurende die afgelope dekade weinig aansien. Trouens, in 'n resente vergelykende werk oor die Suid-Afrikaanse en Noord-Amerikaanse grense word MacCrone se siening dermate geïgnoreer dat dit slegs terloops in 'n enkele voetnoot figureer.[15] Hierdie verwikkeling is hoofsaaklik toe te skryf aan indringende en gedagteryke werk deur veral M Legassick[16] en WM Freund,[17] waarin onder meer gedemonstreer word dat die MacCrone-tesis 'n oorvereenvoudiging van komplekse politieke en sosio-ekonomiese prosesse op die oosgrens is en boonop nie 'n afdoende verklaring bied vir die rassebeskouinge van die Natalse setlaars en die mynmagnate in die 19de en 20ste eeu nie.

Ofskoon talle sosiaal-sielkundiges ná MacCrone sekere aspekte van die Suid-Afrikaanse rassesituasie ontleed het, konsentreer hierdie werke oorwegend op kontemporêre gesindhede en word daar slegs sydelings na historiese verwikkelinge verwys.[18] 'n Uitsondering hierop is egter 'n onlangse publikasie deur P Lambley.[19] Lambley verskaf 'n sielkundige ontleding van die ontwikkelingsgang van die apartheidstaat in Suid-

12. RL Schoenwald, "The psychological study of history" in Iggers en Parker (reds.), *International Handbook*, p.80.
13. ID MacCrone, *Race attitudes in South Africa: Historical, Experimental and Psychological Studies* (Oxford, 1937).
14. Vergelyk EA Walker, *The Great Trek* (Londen, 1965-uitgawe), pp.1 en 13.
15. H Lamar en L Thompson, *The Frontier in History: North America and Southern Africa compared* (New Haven en Londen, 1981), p.209 n 2.
16. M Legassick, "The frontier tradition in South African historiography" in S Marks en A Atmore (reds.), *Economy and Society in pre-industrial South Africa* (Londen, 1980), pp.44–79. Legassick se bydrae het reeds in 1970/71 in ongepubliseerde referaatvorm die lig gesien.
17. WM Freund, "Race in the social structure of South Africa, 1652–1836" in *Race and Class*, XVIII, 1, 1976, pp.53–67.
18. Vir 'n oorsig oor dié literatuur kyk PCL Heaven, "A historical survey and assessment of research into race attitudes in South Africa, 1930–1975" in *S.A. Journal for Sociology*, 16, September 1977, pp.68–75.
19. P Lambley, *The Psychology of Apartheid* (Londen, 1980).

Afrika en voer onder andere deur middel van historiese voorbeelde aan dat Afrikanerheerskappy in Suid-Afrika die produk van sosiopatiese gedrag is. Hiervolgens word die stelsel op 'n mikro en makro vlak deur die voortdurende manipulering van gedrag in stand gehou en die moontlikheid van 'n regverdige samelewing uitgesluit. Alhoewel dit nie ontken word dat daar 'n sielkundige dimensie in die opkoms van Afrikanerdom en die legitimering van apartheid is nie, is Lambley se uiteensetting hiervan nie oortuigend nie. Benewens die feit dat hy hom slegs op algemene en verouderde sekondêre werke vir sy verklarings verlaat, beskou hy die Afrikaner (à la MacCrone) bykans as a tydlose wese wat in die middel van die 20ste eeu dieselfde gedrag as in die 19de eeu openbaar. Selfs al word 'n proses van historiese kondisionering in berekening gebring, slaag Lambley nie daarin om te verduidelik spesifiek op watter wyse Afrikaners hul sogenaamde sosiopatiese gedrag van een generasie na die ander oordra nie. Geen ernstige geskiedskrywer sal die historiese aspekte van hierdie werk bevredigend vind nie. Vanuit 'n "radikale" perspektief het 'n historikus, WR Nasson, dan ook in 'n bespreking van dié publikasie geoordeel: "Had Lambley acquainted himself with more recent scholarship, he would have found argument that the historic significance of segregation lies more in the service of racism to capitalism, than in deviant group psychology".[20]

Die pogings van enkele sielkundiges om die Suid-Afrikaanse verlede in terme van hul eie dissipline te vertolk was nog nie besonder suksesvol nie. Die leemtes in hierdie werke kan hoofsaaklik daaraan toegeskryf word dat die beoefenaars nie vertroud is met die historiese metode nie en te geneig is om die verlede as 'n rommelsak te beskou waarin na willekeur gedelf kan word om bewysmateriaal vir 'n bepaalde sielkundige benadering te vind. Aan die ander kant sou sielkundiges sekerlik dieselfde beswaar kan inbring teen die historikus wat die sielkunde op dergelike wyse gebruik en teorieë meganisties aanwend sonder om hom te vergewis van die tekortkominge en houdbaarhede van sodanige teorieë.

Tot dusver het Suid-Afrikaanse historici egter nog nie bewustelik gepoog om die verlede deur middel van sielkundige teorieë te verklaar nie. 'n Antropoloog-historikus, Max Gluckman, het nietemin in 'n artikel oor Shaka in dié rigting beweeg.[21] Gluckman het aangevoer dat Shaka latente homoseksuele eienskappe besit het en dat dit in 'n hoë mate sy optrede teenoor sy volgelinge bepaal het. Hierdie uiteensetting is egter nie oortuigend nie: die implikasies van homoseksuele gedrag is 'n groot strydvraag onder sielkundiges en dit kan nie sonder meer aanvaar word dat homoseksualiteit noodwendig by bepaalde besluitnemingsprosesse 'n rol speel nie. Gevolglik is Gluckman, wat andersins uitstaande werk oor die Zoeloeryk gelewer het, se interpretasie verdag en maklik vatbaar vir 'n vertolking wat die teenoorgestelde konsekwensies van homoseksualiteit beklemtoon. In elk geval, selfs al was Shaka 'n latente homoseksualis, dra dit weinig by tot 'n beter begrip van die interne dinamika van die Zoeloeryk; prosesse en verwikkelinge binne die Ryk het Shaka ten spyte van sy seksualiteit beïnvloed en 'n belangrike uitwerking op sy gedragspatroon gehad.

Uit die skamele oes op die veld van Suid-Afrikaanse psigogeskiedenis is dit duidelik dat hierdie rigting nog geensins plaaslik inslag gevind het nie. Miskien is dit nie nodig om hierdie toedrag van sake te betreur nie; soos aangetoon was die opkoms van

---

20. WR Nasson, Boekbespreking in *Journal of Imperial and Commonwealth History*, X, Januarie 1982, p.246.
21. M Gluckman, "The individual in a social framework: the rise of king Shaka of Zululand" in *Journal of African Studies*, I, 2, 1974, pp.113–144.

psigogeskiedenis in Amreika nie 'n ongemengde seën nie. Die Amerikaanse voorbeeld lewer voldoende bewys dat sommige psigohistoriese werke eerder kwessies verduister as ophelder. En in Suid-Afrika waar soveel stemme om vernuwing van die historiese dissipline roep, sal dit miskien wys wees om nie op 'n moontlike dwaalspoor te beland waardeur die proses van betekenisvolle vernuwing vertraag kan word nie.

Dit impliseer egter nie dat plaaslike historici eenvoudig die sielkunde moet opsy stoot nie. In 1974 het prof. FA van Jaarsveld in 'n bespreking van dr. JA Heese se werk oor Slagtersnek, juis daarop gewys dat sekere geestelike fasette van die verlede hul tot 'n histories-sielkundige vertolking leen. Van Jaarsveld het waardering gehad vir Heese se uitputtende navorsing waardeur die Slagtersnek-episode uiteindelik van sy mitologiese elemente gestroop is, maar terselfdertyd het hy geoordeel dat 'n "legende is ... irrasioneel en verdien psigologiese ontleding wat nie hier geskied nie".[22] Die feit dat Heese nie aandag gegee het aan die meganismes waardeur legendes beslag verkry nie, het sy andersins goeie werk dan ook in dié opsig armer gemaak. Dié voorbeeld dui daarop dat die sielkunde nie sonder meer verontagsaam kan word nie, en dat dit nodig is om te besin oor die wyse waarop die historikus moontlik sielkunde kan benut.

3

Hierdie netelige aangeleentheid kan slegs in perspektief gestel word deur dit binne die breër raamwerk van die verwantskap van geskiedenis tot die ander sosiale dissiplines te bespreek. Dit wil voorkom asof Suid-Afrikaanse historici gedurende die afgelope dekade al hoe meer bewus geword het van wat hulle as tekortkominge in die metodologie van hul vak beskou en dat hierdie leemtes veral ooglopend is wanneer die terrein van sosio-ekonomiese geskiedenis betree word. Ten einde die probleem te oorbrug word daar geredeneer dat die historikus hom na aanverwante dissiplines moet wend om die nodige teorie te vind wat hom dan in staat sal stel om historiese verwikkelinge te verklaar.

Dié algemene veronderstelling word egter in 'n belangwekkende werk deur die Britse historikus, Gareth Stedman Jones, bevraagteken. Sy kritiek is nie gegrond op blote halsstarrigheid en 'n weiering om vernuwing te aanvaar nie, maar is gerig teen die opvatting dat geskiedenis 'n teoreties vrye dissipline is. Volgens Jones kan feite nie tot stand kom sonder dat dit deur teorie voorafgegaan is nie. "Those who tried to create theory out of facts, never understood that it was only theory that could constitute them as facts in the first place", voer hy aan.[23] Die debat oor doeltreffende samewerking tussen geskiedenis en die sosiale dissiplines sal, aldus Jones, in 'n oneindige sirkelgang beweeg en weinig bevredigende interdissiplinêre produkte oplewer totdat historici besef dat hul vak oor 'n outonome *historiese* teorie beskik wat ontwikkel moet word. Tot tyd en wyl sodanige teorie verfyn is, vind hy die Marxistiese paradigma die bevredigendste sosiaal-ekonomiese verklaringswyse aangesien die sentrale komponent van klassestryd *histories* gefundeerd en verantwoord is.[24]

Of 'n Marxistiese benadering die aangewese tussentydse oplossing is, kan as 'n

22. FA van Jaarsveld, "Mosterd na die Maal (Boekbespreking)" in *Historia*, XIX, 1, Mei 1974, p.38. Dr. Heese se boek is *Slagtersnek en sy Mense* (Kaapstad, 1973).
23. GS Jones, "History: the poverty of empiricism" in R Blackburn (red.), *Ideology in Social Science: readings in critical social theory* (1979-uitgawe), p.113.
24. GS Jones, "From historical sociology to theoretical history" in *British Journal of Sociology*, XXVII, 3, September 1976, pp.295–305.

onuitgemaakte saak beskou word. Dit is egter belangrik om kennis te neem van Jones se argument dat geskiedenis nie sonder teorie is nie en dat enige historikus feite "skep" en verklaringswyses bied gegrond op sekere, dikwels onuitgesproke, aannames oor sosiale veroorsaking. Dit is juis omdat die historikus nie altyd bewus is van sy eie teoretiese opvattinge nie, dat hy geneig is om onhistoriese teorieë van die ander sosiale dissiplines slaafs na te volg. Omdat die teorieë van die sosiale dissiplines a-histories is, wek dit dan ook geen verbasing dat daar soveel probleme in dié verband ontstaan nie.

Alhoewel daar onoorkomelike en geldige besware teen die toepassing van teorieë uit die sielkunde op die geskiedenis bestaan, beteken dit nie dat kennis van die sielkunde onvanpas is by die bestudering van byvoorbeeld historiese figure of sekere sosiaal-historiese temas nie. Die gedagte is dat die historikus hom nie daarop instel om 'n oorkoepelende verklarende teorie te vind nie, maar dat hy hom vergewis van sekere insigte en konsepte uit die sielkunde wat vir hom van nut kan wees. Teenoor hierdie konsepte behoort hy dieselfde kritiese ingesteldheid te openbaar as wat hy teenoor sy bronne sou inneem. So 'n gekwalifiseerde eklektiese benadering wil onder omstandighede as die mees belowende voorkom.

'n Historikus wat byvoorbeeld oor rasseverhoudinge navorsing doen en vertroud is met die werk van sosiaal-sielkundiges oor die ontstaan van etniese vooroordeel,[25] sal waarskynlik 'n meer insiggewende produk lewer as sy kollega wat sonder sodanige begrip in dieselfde veld werk. Eersgenoemde historikus gaan nie probeer om die sosiaal-sielkundige teorieë toe te pas nie, maar op die belangrike vlak van kritiese historiese denke kan hy sy kennis gebruik om sy *vraagstelling* aan die verlede te verskerp. In die opsig het hy dus 'n voordeel bo sy "oningeligte" kollega wie se vraagstelling bloot uit 'n persoonlike raamwerk, ontdaan van 'n wyer kennisveld, sal spruit. 'n Belangrike vereiste hier is egter dat die vrae histories gerig moet wees. "The point is that whatever questions are brought to historical materials, *historical procedures must be followed* and the materials will bear only those questions which are *historically relevant*", aldus die bekende Britse sosiale historikus, EP Thompson.[26] Onhistoriese vrae, hoe interessant ookal, sal die historikus slegs op 'n dwaalspoor laat beland.

Benewens die nuttigheidswaarde van sielkunde in die formulering van kritiese historiese vrae, kan sielkundige kennis ook die historikus in 'n hoër mate bewus maak van die betekenis van gegewens wat hy in die dokumente vind. 'n Historikus kan slegs dit in die dokumente waarneem wat hy in staat is om sinvol te begryp; sonder sielkundige insigte mag sy vertolking meer beperk wees omdat hy nie in staat is om die bronnemateriaal maksimaal te benut nie. Die waarde wat sielkunde in hierdie opsig vir die historikus inhou, is dus daarin geleë dat dit hom sensitiveer en in staat stel om verbande raak te sien asook afleidings te maak wat andersins miskien verborge sou gebly het.

'n Goeie voorbeeld hiervan in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing is te vinde in die werk van dr. Shula Marks oor die Bambatha-rebellie van 1906 in Natal. In haar navorsing oor die aanloop tot die rebellie het sy herhaaldelik op dokumente afgekom waarin melding gemaak word van ongegronde gerugte in blanke geledere dat die Zoeloes in opstand sou kom. Dit kan aanvaar word dat hierdie gegewens haar voor 'n probleem te staan gebring het: sy kon dit óf as van nul en gener waarde verwerp het

---

'n Goeie kritiese evaluering van hierdie teorieë is in HG Viljoen, *Etniese vooroordeel: 'n sosiaal-sielkundige verskynsel* (Sielkunde biblioteek 26, Pretoria, 1973).

26. EP Thompson, "On History, Sociology and Historical Relevance" in *British Journal of Sociology*, 27, 3, September 1976, p.390. Kursivering in oorspronklike.

aangesien dit immers geen feitlike basis gehad het nie, óf sy kon poog om die betekenis daarvan te bepaal. Of die gerugte hoegenaamd enige betekenis gehad het, sou uiteraard afhang van die vertolking wat sy daaraan gegee het. Dit is in hierdie opsig dat haar vertroudheid met die werk van sosiaal-sielkundiges oor die funksie van gerugte onder sekere omstandighede, nuttig te pas gekom het. Haar breëre kennis oor die aangeleentheid het haar dan ook in staat gestel om in 'n noukeurige beredeneerde uiteensetting tot die bevinding te kom dat die ongegronde etniesgekleurde gerugte 'n weerspieëling van onderliggende spanning binne die blanke gemeenskap was — 'n belangrike faset van die algemene agtergrond waarteen die rebellie afgespeel het.[27] Die implikasie is duidelik: indien sy nie bewus was van die sosiaal-sielkundige dimensie van ongegronde gerugte nie, sou sy heel waarskynlik die gegewens geïgnoreer het en haar werk sou dienooreenkomstig armer gewees het.

Die voorafgaande dui daarop dat dit vir die historikus wenslik is om wanneer hy 'n bepaalde kwessie bestudeer, ook kennis te neem van die wyse waarop sosiale dissiplines dergelike probleme hanteer. Teen hierdie beskouing kan egter die beswaar ingebring word dat historiese navorsing reeds só veeleisend en tydrowend is, dat daar nie redelikerwys van die historikus verwag kan word om hom byvoorbeeld ook in die sielkunde te verdiep en boonop op hoogte te wees met die aanvaarbaarheid wat sy geselekteerde konsepte in die bepaalde dissipline self geniet nie. Dit is ongetwyfeld so dat nog hoër eise aan die historikus gestel word, maar is dit genoegsame rede om standpunt in te neem teen 'n benadering wat moontlik tot die verskerping van historiese insig kan lei? Indien daar van die historikus verwag kan word om al die relevante dokumentereekse oor sy onderwerp te bestudeer ten einde 'n stewige empiriese dimensie aan sy produk te verleen, kan daar sekerlik ook van hom verwag word om die konseptuele raamwerk wat beslag aan sy werk gee deur toepaslike insigte uit verwante dissiplines te verruim. Tot tyd en wyl dié uitgangspunt aanvaar word, sal die moontlikheid dat geskiedenis op 'n vrugbare en aanvaarbare wyse deur die sosiale dissiplines, insluitend sielkunde, beïnvloed kan word, blote wensdenkery bly.

---

27. Kyk S Marks, *Reluctant Rebellion: the 1906—08 disturbances in Natal* (Londen, 1970), pp.144–168.